TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 2/2/2018 **Datum: 19 April 2018**

Uit die kantoor:

Graad 1 Tjokkiedag

Ons dag was 'n groot sukses danksy die volgende mense:
*Die Gr 1 ouerkomitee onder leiding van mnr Andries Strauss wat gesorg het vir heerlike verversings. Baie dankie aan die braaiers wat heel oggend gebraai het en die mammas wat 3200 pannekoeke gebak het, wat 'n rugbreker is. Elke ouer wat bontgestaan het met die voorbereiding en almal wat help verkoop het. Ons wins is ongeveer R25 000.
*Die onnies wat vir die voortreflike reëlings verantwoordelik was.
*Ons ouers wat in massas ondersteun het langs die velde.
*Alle besoekende skole.

Dankie ook aan die ouers wat by die ander sportdae gekuier het. U kind waardeer dit verseker.

Kwartaalverslae
Dankie aan elke Tjokkie wat net sy beste gedoen het.

Oueraand (23 April)
Moenie vergeet om die kantoor te skakel vir 'n afspraak nie. Die onderwysers is beskikbaar vanaf 16:00 tot 19:00.

Beheerliggaam
Mnre Danie v Jaarsveld en Rian Marais is deur die BL gekoöpteer vanweë hulle kundigheid, veral op die gebied van geboue en terrein. Baie dankie vir u bereidwilligheid om Tjokkies te dien en die belange van die leerlinge en die skool eerste te stel.

BELANGRIKE DATUMS

19 April: 0/12 VS Hokkieproewe. Die aanvanklike datum het uitgereën en moes verskuif word. Deelnemers sal die nodige inligting ontvang.

20 April: Mini-netbal by FHP

Skaaktoernooi. Die spelers het die kennisgewings gekry.

21 April: VS 0/12 & 0/13 Netbalproewe by Tjokkies. Sterkte aan ons spelers wat deurgedring het.

23 April: Oueraand

24 April: Wêreldboekedag. Jaco Jacobs, bekende kinderboekskrywer, besoek Tjokkies.

Skaakliga. Sien die bepaling wat u ontvang het.

25 April: Rugby- & netballiga @ WP (Tuis)

26 April: Ons 0/13 Netbalspan neem deel aan die Wildeklawer netbaltoernooi in Kimberley.

27 April tot 1 Mei: Langnaweek. Maandag 30 April is 'n skoolvakansiedag.

4 Mei: Entrepreneursdag vir die seniorfase.

PRETDAG (Herhaal)

"Save the date" – die prefekte se jaarlikse pretdag vind op 2 Junie plaas en beloof om hope pret in te hou. Meer inligting later.

MEELEWING

Juf Odette v Niekerk het 'n liesbreukoperasie ondergaan en sterk nog aan.

Mnr Philip Marais sukkel met 'n werwel wat 'n senuwee knyp in sy laerug en het 'n pynblok ondergaan.

Juf Leonie de Kock se man is in die hospitaal met 'n erge rugprobleem.

Juf Leonie Corbett se man word gehospitaliseer vir 'n virusinfeksie.

Ons wens hulle 'n spoedige en algehele herstel toe.

KONSERT (Herhaal)

'n Konsertbrief is gesirkuleer, maak asb seker dat u dit ontvang.

Let asb daarop dat die verwysing vir betaling vir konsertgelde baie belangrik is: Kind se naam en van en klas
<u>Voorbeeld</u>: Gert Smith 7A

Betaling per kind asb, nie per gesin – dit vergemaklik kontrole. Bewys van betaling moet by klasonderwyser ingehandig word.

Nie nodig om die woord "konsert" te noem in verwysing.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

UITSLAE

Die volgende leerders is gekies om die Vrystaat Skaakspan te verteenwoordig 4-5 Mei in Kimberley tydens 'n interprovinsiale toernooi:

Reinhard Bezuidenhout
Eckhard Hattingh
Heinrich Geyser
Wian Griesel
Gerhardus J v Rensburg
Arno Griesel
Liam Liversage

SNUFFELS

BIO-LINK

As jou kind sukkel met leer, lees, aandag of geheue?

Sluit by ons aan vir 'n GRATIS inligtingsessie om te leer oor verskillende Kognitiewe Vaardighede en waarvoor dit gebruik word. Hoe kan ons hierdie vaardighede aanleer of verbeter?

Volg die webtuiste skakel om jou plek te verseker http://bio-link.co.za/next-event of kontak Jeane-Mari – 060 966 3416

VOORTREKKERS

Die Voortrekkers se Gesinsmiddag wat uitgereën het, verskuif na die vierde kwartaal. Ons sal 'n gesamentlike informele afsluiting en prysuitdelingsfunksie hê.

BORGE: Ons gee erkenning aan ons borge met die advertensie-borde op ons pawiljoen.

SNUFFELS



KOEK'ALA

Verjaarsdagkoeke/ cupcakes en meer vars gebak en afgelewer. Ons maak elke Tjokkie-mamma se bekommernis kommervry!!!
Al wat Mamma hoef te doen: Whatsapp ons met al die besonderhede vir bestelling.
Bestelling word op die datum soos deurgegee by die skool afgelewer.
Carina Dippenaar
0798826151

Lettie Fouché Skool bied aan 'n pretstap ten bate van Outisme.

Datum: 4 Mei 2018
Tyd: 09h00
Plek: Lettie Fouché Skool
Koste: R10 per leerder

Vir meer inligting kontak Lettie Fouché Skool by 051 436 6770

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com